PUBLIC NOTICE

BASIC ASSESSMENT PROCESS AND A GENERAL AUTHORIZATION PROCESS FOR THE UPGRADE OF NATIONAL ROAD NATIONAL ROUTE 1 SECTION 4 BETWEEN DOORNFONTEIN (KM 63.0) AND LAINGSBURG (KM 81.7) WITHIN LAINGSBURG LOCAL MUNICIPALITY OF CENTRAL KAROO DISTRICT OF WESTERN CAPE PROVINCE

Notice is hereby given that the South African National Roads Agency (SANRAL) SOC Limited is proposing to undertake the Basic Assessment and General Authorisation process for the above-mentioned project in terms of:

- Chapter 5 of the National Environmental Management Act (NEMA), 1998 (Act No. 107 of 1998), as amended and the associated NEMA Environment Impact Assessment (EIA) Regulations, 2014, as amended; and
- Section 21 of the National Water Act, 1998 (Act No. 36 of 1998) the General Authorisation for Section 21(c) or section 21(i) activities.

Project Location:

The project is located between the Dooronfontein and Laingsburg areas which is within the jurisdiction of the Laingsburg Local Municipality under the Central Karoo District of Western Cape Province. The total distance for the proposed road is approximately 18.7 km long.

Project Coordinates:

Start Point:	Middle Point:	End Point:
33°11'30.00"S and 20°40'1.06"E	33°10'52.32"S and 20°44'11.55"E	33°11'48.02"S and 20°51'30.49"E

Listed Activities:

The project triggers the following EIA activities : Activity 12, 19 and 56 of Listing notice 1 and Activity 12, 14, 18 and 23 under Listing Notice 3.

SANRAL has appointed EarthLink Environmental Services as independent Environmental Consultants, to undertake the Basic Assessment and Water Use Authorization Application for the proposed project.

Should you wish to register as an Interested and Affected Party on the project, kindly register and provide contact details and an indication of any interest which you (or the organization you represent) have in the application to EAP on or before 13 May 2025.

Availability of Draft Basic Assessment Report (DBAR): The DBAR will be available for 30 days public review and commenting period (10 April – 13 May 2025), hard copy report can be obtained at Laingsburg Public Library next to flood museum, soft copies can be requested from EAP on contact details below or visit our website (www. earthlinkenvironmental.co.za)

Applicant: South African National Roads Agency (SANRAL) SOC Limited

Contact Person: Mr Caiphus Mukwevho
Tel: 010 634 2349
Cell: 082 2694524
E-mail: N1-4@earthlinkenvironmental.co.za

Earthlink Environmental Services
In rhythm with nature

PUBLIEKE KENNISGEWING

BASIESE ASSESSERINGSPROSES EN 'N ALGEMENE MAGTIGINGSPROSES VIR DIE OPGRADERING VAN NASIONALE PAD NASIONALE ROETE 1 SEKSIE 4 TUSSEN DOORNFONTEIN (KM 63.0) EN LAINGSBURG (KM 81.7) BINNE LAINGSBURG PLAASLIKE MUNISIPALITEIT VAN SENTRAAL KAROO DISTRIK VAN WES-KAAP PROVINSIE

Kennis word hiermee gegee dat die South African National Road Agency (SANRAL) SOC Beperk van voornemens is om die Basiese Assessering en Algemene Magtigingsproses vir die bogenoemde projek te onderneem ingevolge:

- Hoofstuk 5 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA), 1998 (Wet 107 van 1998), soos gewysig en die gepaardgaande NEMA Omgewingsimpakbepaling (OIB) Regulasies, 2014, soos gewysig; en
- Artikel 21 van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) die Algemene Magtiging vir Artikel 21(c) of Artikel 21(i) aktiwiteite.

Projek ligging

Die projek is geleë tussen die Doornfontein- en Laingsburg-gebiede wat binne die jurisdiksie van die Laingsburg Plaaslike Munisipaliteit onder die Sentraal Karoo Distrik van Wes-Kaapprovinsie is. Die totale afstand vir die voorgestelde pad is ongeveer 18,7 km lank.

Projek Koördinate:

Begin Punt:	Middel Punt:	Eind Punt:
33°11'30.00"S en 20°40'1.06"E	33°10'52.32"S en 20°44'11.55"E	33°11'48.02"S en 20°51'30.49"E

Gelyste Aktiwiteite:

Die projek lei tot die volgende OIB-aktiwiteite: Aktiwiteit 12, 19 en 56 van Noteringskennisgewing 1 en Aktiwiteit 12, 14, 18 en 23 onder Noteringskennisgewing 3.

SANRAL het EarthLink Environmental Services as onafhanklike omgewingskonsultante aangestel om die Basiese Assessering en Watergebruikmagtigingsaansoek vir die voorgestelde projek te onderneem.

Indien u as 'n Belangstellende en Geaffekteerde Party op die projek wil registreer, geliewe te registreer en kontakbesonderhede te voorsien sowel as 'n aanduiding van enige belang wat u (of die organisasie wat u verteenwoordig) in die aansoek by EAP het, voor of op 13 Mei 2025.

Beskikbaarheid van Konsep Basiese Assesseringsverslag (KBA): Die KBA sal beskikbaar wees vir 30 dae openbare hersiening en kommentaar tydperk (10 April – 13 Mei 2025), harde kopie verslag kan verkry word by Laingsburg Openbare Biblioteek langs vloed museum, sagte kopieë kan aangevra word by EAP by kontakbesonderhede hieronder of besoek ons webwerf (www. earthlinkco.zavironmental.)

Applikant: South African National Roads Agency (SANRAL) SOC Limited
Kontakpersoon: Mnr Caiphus Mukwevho
Tel: 010 634 2349
Selfoon: 082 2694524
Epos: N1-4@earthlinkenvironmental.co.za

Earthlink Environmental Services
In rhythm with nature

Basil Joubert vier sy 90ste

Basil Joubert (links) geniet sy verjaarsdagkoek terwyl hy gaste Dickie en Colleen Ogilvie laat skater. Foto: Alex Lombaard

By Huis Aalwynhof, 'n ACVV-tehuis vir ouer persone in Aberdeen, het een inwoner, Basil Joubert, op Sondag 2 Februarie mede-inwoners bederf met 'n fees van fyn eetgoedjies en samesyn.

Joubert het Sondag sy negentigste verjaarsdag gevier en het enkele spesiale gaste asook sy mede-inwoners genooi om aan te sit vir 'n koppie tee en 'n wye verskeidenheid happies. Spesiale gaste, Dickie en Colleen Ogilvie, het gesorg vir 'n sjokolade verjaarsdagkoek en Joubert het nie op hom laat wag om die kersies dood te blaas nie. Op 90 is Joubert se sin vir humor heersend in sy kommunikasie. "Aangename kennis. I am Dennis ... " het hy ernstig, formeel en hoflik gegroet en na 'n nét lang genoeg stilte om 'n mens te laat wonder oor die stand van sy kognitiewe vermoëns, met 'n glimps van 'n glimlag, maar 'n wakker vonkel in die oog, bygevoeg: "... and I am a menace!"

Karin van den Heever, kombuismatrone en bestuursverteenwoordiger vir die geleentheid, het al die gaste verwelkom en Joubert hartlik gelukgewens met die besondere mylpaal. Met die formaliteite afgehandel, het almal teenwoordig lustig weggelê aan die smaaklike eetgoed.

Op navraag het Joubert geantwoord dat Aberdeen die laaste 20 jaar sy tuiste is en dat hy en sy oorlede gade destyds 'n gastehuis bedryf het. Een van sy eregaste het bevestig die gastehuis, Tohito, was wyd en syd bekend vir die uitsonderlike tuin. Joubert se flink verduideliking van die gastehuis se naam het gaste laat skater: "Ja, dis eintlik TOt HIer TOe ... en nie 'n donner verder nie."

Joubert is in Februarie 2024 voor sy huis aangerand en beseer toe hy teruggekeer het van 'n besoek aan die winkel. Sy kommentaar op die insident: "Jy weet, my naam is nou Klipkop. Ek is met 'n klip op die kop geslaan; die klip het in twee gebreek en hier sit ek nog."

Sy aanvallers is in Junie verlede jaar tot 15 jaar direkte gevangenisstraf elk gevonnis. Vir Joubert is hierdie mylpaal net aansporing vir die volgende groot verjaarsdag: "As jy weer kyk, sien ek julle vir my 100ste! Dis sommer een van die dae!"

Jukskei-seisoen sluit op hoogtepunt af

Oudtshoorn Jukskei-klub se seisoen het Saterdag 15 Maart tot 'n einde gekom, tydens ligawedstryde in Hartenbos. Drie spanne het ingeskryf en goed gevaar. Oefening hervat na die KKNK by die jukskei-bane agter die De Jager Sportkompleks. Die klub nooi belangstellendes uit om by hulle aan te sluit en self 'n skei te kom gooi. Kontak vir Hercules by 060 997 5576 vir meer inligting. Foto verskaf